NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak* ***Franscois Genis****, 071 777 9302, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** *Besprekingsnavrae:* ***Camps 4 Groups,*** *camps4groups@gmail.com, alle ure… Whatsapp: 074 650 4754. Kantoor: 067 083 4492. Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

31 Augustus 2018
Nr 28/2018

Warm nuus!

DinkJeugNoord: ***Jeugvriendelike gemeentes*** **- Inskrywings het gister gesluit – baie dankie aan almal wat ingeskryf het.**
Wanneer: ***3 September 2018*** [9:00-16:00]
Navrae: Corné Randall [072 207 8350] of Marian Jordaan [079 877 8637]

- **Lente-konferensie 2018:** ***18-20 September 2018*** - Universiteitsoord en die Universiteit van Pretoria.
  Excelsus herinner u graag daaraan dat die **sluitingsdatum vir inskrywings** vanjaar *12 September 2018* is. Indien u nog nie ingeskryf het nie, kan u ons webblad besoek by http://www.excelsus.org.za/. Die brosjure met die program is beskikbaar by http://bit.ly/lk18brosj.
  Inskrywings kan ook elektronies vanaf die webblad gedoen word by http://bit.ly/18lkinsk. Indien u die inskrywingsvorm in Word-formaat verkies, kontak asseblief vir Rika by excelsus@up.ac.za
  Kursusgangers verwerf **30 VBO-punte**.
  - Predikante wie se gemeentes nie hulle inskrywingsgeld kan bekostig nie, is welkom om vir Paul Grobler te kontak by paul@noordsin.co.za / 082 653 5734.

- **Taakspan Ekonomie: Gespreksgeleenthede**
  Cobus van Wyngaard skryf: "Die Noordelike Sinode Taakspan Ekonomie gaan in die maande wat kom verskeie gespreksgeleenthede oor die ekonomie, ekonomiese ongelykheid, en armoede voer. Ons fokus is veral op hoe ons die Bybel lees in ons konteks van armoede en ekonomiese ongelykheid, en op hoe ons luister na gedagtes van mense uit verskillende kontekste, veral Christene uit verskillende kontekste, oor die ekonomie. Verskeie gespreksgeleenthede gaan ook by die sinodehuis gereël word waar ons kenners vrae om met ons te kom gesels oor aspekte van die gesprek oor kerk en ekonomie."

  - **Besoek gerus die taakspan webtuiste** kerkenekonomie.co.za, en skryf in om per epos op datum gehou te word van die werk van die taakspan. Voel ook vry om kontak te maak met die taakspanleier, Cobus van Wyngaard, as jy belangstel in die werk van die taakspan (cobus.w@gmail.com).

Nuus uit die Kantoor van die Algemene Sinode

❖ Gebedsgeleentheid en hofsaak oor selfdegeslagverhoudings

Gustav Claasen [Algemene Sekretaris] skryf soos volg: "*Beste kollega, ek vertrou dit gaan goed met jou. Die jaar is vinnig aan die uitloop en die laaste helfte het dikwels uitdagings van sy eie. Mag uitdagings waarmee jy worstel die genade die hoogtepunte van 2018 wees vir jou wees. In hierdie skrywe uit my kantoor* ***gee ek in inligting oor twee sake***…" [Lees **hier** verder]

Sinodenuus

❖ Bybel-lees met 'n verskil

Die **volgende byeenkoms** vind op ***4 September 2018*** om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas.
Skriflesing: Jakobus 2:1-17
Navrae: Fanie Cronje (083 415 1452) en Kobus Myburgh (083 227 7185)

❖ Die Taakspan vir Mentoraat …

Het jóú nodig…
Ons wil graag die funksionering van menstorskappe in ons sinode verken.
Is jy betrokke in 'n formele of dalk 'n informele mentorverhouding?
Of het jy dalk nog nooit so vêr gekom nie...?
Ons wil graag almal se insette kry, asseblief.
Vul asb. ons vriendelike vraelys in *by* http://bit.ly/nsmentors - Dit sal net 'n paar minute neem.
Ons beplan om almal wat reageer met 'n *"Wimpy of Mugg & Bean geskenkbewys"* aan te moedig om 'n mentor-kuier te reël.
Jou lewens- en bedieningsvreugde is ons passie.
Kontak ons gerus by: derick@ngv.co.za en 0829580473.

❖ Skoolverwisselingskamp: Vir alle graad 7's (Badseloop)

Datum: ***Maandag 1 Oktober -Vrydag 5 Oktober 2018***
Waar: BADSELOOP (± 13 km suid van Naboomspruit (Mookgopong).
Koste: R700 per persoon.
Navrae: Skakel gerus die kampleier ds André Botha Tel 014 743 0909 / 079 516 7641
➢ **Inskrywingsvorms** is **hier** beskikbaar!
Sluitingsdatum vir inskrywings is: *21 September 2018* **!!**

Kolleganuus

❖ Beroep/Bevestiging

- **Francois Naudé** [Rietfontein-Noord] is na Ladismith in die Kaap beroep.
- Op Sondag, ***2 September*** word die volgende persone as leraars bevestig: **Surina van der Berg** [Montana] & **Cornél Viljoen** [Ellisras-Wes].

❖ Verjaarsdagwense *Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar:*

02/09 Anton Pienaar [Stellastraat,083 458 8712, anton@stellastraat.co.za]
Danie van Zyl [Emeritus, 083 316 4748, daniepvz@telkomsa.net]
Hennie Yzelle [Emeritus, 083 255 7617, Hennie.yzelle@gmail.com]
03/09 Kobus Small [Petronella, 083 272 5085, ngpetronella@mweb.co.za]
Leonie Johnson [Haakdoorn, 076 136 9655, leonie@effectus.co.za]
Philip Bergh [Emeritus, 082 551 6039, philipeugeniebergh@gmail.com]
04/09 Hendrien van Vliet [Pretoria, 072 517 4851, hendrienvv@gmail.com]
Edward Botha [Emeritus, 082 460 5498]
05/09 PJS Koekemoer [Emeritus, 072 225 2396]

08/09 Michiel Botha [Emeritus, 082 714 0723, mcbot@mweb.co.za]

****

04/09 Willeke de Bruin [Pretoria, 012 333 0413, debruindieter@gmail.com]
05/09 Mariana Potgieter [Warmbad-Wes, 014 736 2691, williewerkie007@gmail.com]
06/09 Ronell Jordt [Koedoesrand, 079 208 7599, kudu@lantic.net]

Gemeentenuus

- **Verjaarsdae:** *Baie geluk!*
  Bulawayo [Gestig: 06/09/1895]
  The Reeds [Gestig: 06/09/1987]

- **Dalunie**: **Mannedag (gesinsdag)**
  1 September 2018 op die skietbaan van Derrick Mouton.
  Kaartjies beskikbaar by die At Oberholzer 083 458 1199 of Marcelle Werner 082 416 3695 @ R200 elk.
  Spreker: Ernst Endres
  Tema: *Gemotiveerde manwees vandag*.

- **Warmbad-Wes: Vreugdefees**
  Die gemeente hou op ***1 September 2018*** Vreugdefees (basaar). Daar is die lekkerste boerewors, vleis, salami, cabanossi's te koop, asook al die ander lekkertes wat daarmee gepaard gaan soos kerrie en rys, koek, nagereg, skyfskiet, troeteldierskou en nog ander aktiwiteite. Dit begin om 08:00 op die kerkterrein op die hoek van Gilfillan- en Oosthuizenstrate, Warmbad (Bela Bela)

Ander nuus

- **TOIBO [Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys] - Spesiale deurkollekte**
  Staan in die skoene van die kind met gestremdheid… Gemeentes word vriendelik versoek om dit te oorweeg om op Sondag, ***9 September*** 'n **spesiale deurkollekte** ten bate van die Instituut op te neem.
  Vir meer inligting kontak hulle by: tel 012-362 0660; E-pos: toibo@imaginet.co.za of besoek www.toibo.org.za.

- **Werkwinkel** : **Seniors met 'n afhanklikheidsprobleem - Substance dependency among older persons: Some pointers for psychosocial service providers** ***14 September 2018*** (8:30-12:30 – Registration: 8:00-8:30)
  Presenter: Dr Stephan Geyer (Senior Lector: University of Pretoria)
  Address: 1229 Haarhoff Street East, Moregloed, Pretoria [*Google map*]
  Cost: *R 400 pp (payment with booking)*
  Registration: *Send email to us OR download form from website*
  Stabilis Treatment Centre: *012 333 7702; info@stabilistc.co.za; www.stabilis.org.za*

- **Nuusbriewe**
  Bybel-Media nuus
  Inligting, Navrae en Diensverskaffing:
  • Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
  • Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
  • Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za, klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

****

CLF-nuus
Kontak CLF op (021) 873 6964 of stuur 'n e-pos na order@clf.co.za om jou eksemplaar te bestel.

Gebedslys

*Hiermee **'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers** om enige **sake vir voorbidding** aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- DinkJeugNoord byeenkoms [3 September].
- 'n Nuwe seisoen.
- Nasionale boomplantweek.

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

❖ **UP Fakulteit Teologie**:

- **Gelegitimeerde proponent 2016**
  Eddie Brown [082 305 3972, malmaneddie@gmail.com]
  Berenice Esterhuyzen [072 794 5928, aesterhuyzen@clinix.co.za]
  Danielle Laubscher [082 496 9024, daniellelaubscher317@gmail.com]

- **Gelegitimeerde proponente 2017**
  Jeanri Bezuidenhout [074 893 2836, jeanri.bez@gmail.com]
  Camille Castelyn [079 506 5117, camillecastelyn@gmail.com]
  Werner Smal [079 883 2729, wernersmal777@gmail.com]

❖ **Ander gelegitimeerdes wat beskikbaar is om eredienste te lei**
Gerhard Bothma [082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]
Jan Cloete [083 232 8708, jancloete26@telkomsa.net]
Bertus Olivier [082 224 6242, oli4@axxess.co.za]

Ten slotte

Siekebesoek in die diereryk…

BYLAES

Nuus uit die Kantoor van die Algemene Sinode

24 Augustus 2018

Gebedsgeleentheid en hofsaak oor selfdegeslagverhoudings

Beste kollega,

Ek vertrou dit gaan goed met jou. Die jaar is vinnig aan die uitloop en die laaste helfte het dikwels uitdagings van sy eie. Mag uitdagings waarmee jy worstel die genade die hoogtepunte van 2018 wees vir jou wees.

In hierdie skrywe uit my kantoor gee ek **inligting oor twee sake**.

Eerstens 'n herinnering aan die versoek om deel te neem aan 'n gebedsgeleentheid op Sondag 2 September 2018. Kennisgewing hiervan is reeds deur die elektroniese nuusbriewe van die verskillende sinodes gegee. Die behoefte om so 'n geleentheid aan te vra is drieerlei:

• Dankbaarheid oor die mooi reen wat op soveel plekke geval het. Hier word gedink aan damvlakke wat, in die Wes Kaap en ander voorheen droogte geteisterde plekke, baie beter vertoon as ooreenkomstig dieselfde tyd verlede jaar. Welkome reen het uitkoms gebring op talle plekke.
• Voorbidding word ook gevra vir die talle streke wat nog gebuk gaan onder 'n uitmergelende droogte. Met hartseer word kennis geneem van kritieke situasies in verskeie streke. Boere verloor plase en vee as gevolg van die langdurige knellende droogte. Talle plaaswerkers word deel van die groter wordende werkloosheid statistiek. Dit gaan gepaard met geweldige trauma, onsekerheid en hooploosheid vir hierdie mense en hulle gesinne. Dieselfde situasie herhaal hom ook op ander plekke. Die Vrystaat en Goudland sinodes verrig wondere om boerdery gemeenskappe pastoraal en andersins by te staan.
• Laastens vra die die situasie rondom grondhervorming voorbidding. Bo en behalwe talle uitdagings en onsekerheid waarmee boerdery gemeenskappe mee worstel, is onduidelikheid oor die moontlik negatiewe implikasies van grondhervorming, 'n nog verswarende faktor. Wyd uiteenlopende uitsprake en populisme met die oog op die verkiesing van 2019 skep 'n klimaat van geweldige onsekerheid.

Die tweede saak waaroor ek graag inligting deurgee handel oor die hofgeding van 12 lidmate teen die NG Kerk rondom die selfdegeslag besluite van die Buitengewone Algemene Sinode van 2016. Die saak het aan die orde gekom op 21 Augustus in die Pretoria se Hoe Hof. Regters Rualinga, Potterill en Molefe was die voorsittende regters. Die saak is deur die onderskeie regspanne van die twee partye gevoer en 'n uitspraak word oor die volgende paar maande verwag. Die saak van die 12 het hoofsaaklik gegaan oor:

• dat die besluite van 2016 grondwetlike regte soos menswaardigheid en gelykheid as gevolg van diskriminasie skend. Die Grondwet, het die 12 geargumenteer, vereis dat diskriminasie verbied word.
• Sekere kerkordelike prosedurele foute gemaak is in die besluite van 2016.

Hierteenoor het die NG Kerk die standpunt gehandhaaf dat:
• die kerk het sy reg op vryheid van geloof uitgeoefen met die 2016 besluit. Howe is nie by magte om te besluit oor dispute en leerstellings van die kerk nie.
• Die NG Kerk het sy besluite van 2016 de novo binne die kerkorde op 'n demokratiese wyse geneem en is dit dus vir die huidige die geldende standpunt van die kerk.

Soos reeds genoem sal uitspraak rondom die saak in die maande wat kom gelewer word en kan daar dus nie gespekuleer word oor die uitkoms van die hofgeding nie. Nieteenstaande bly die hele saak 'n hartseer gebeure in die geskiedenis van die kerk met lidmate wat die volle spektrum van menings weerskante van die saak verteenwoordig. 'n Verklaring sal ook deur die modratuur gemaak word en aan julle gestuur word.

Tot 'n volgende keer sterkte en seën.

Vriendelike groete

Gustav Claassen
Algemene Sekretaris
Nederduitse Gereformeerde Kerk

Terug